VERDUIDELIKING VAN DIE PENSIOENVERHOGING

Die GEPF se Raad van Trustees kondig hiermee aan dat sy pensioenarisse ’n verhoging van 4,5% op hul maandelikse pensioene vanaf 1 April 2011 sal ontvang. Die besluit om hierdie bedrag as ’n verhoging te gee is op verskeie faktore gebaseer, waarvan die belangrikste die volgende is: die verhogingsbedrag gemeet aan die koers van inflasie (VPI) en die bedrag wat die Fonds kan bekostig sonder dat hulle toekomstige pensioene benadeel. Die verhoging van 4,5% is gelykstaande aan 100% van die VPI (die koers van inflasie). Dit hou ook die GEPF se befondsingsvlakke binne die omvang wat vereis word volgens sy beleid en reëls. Inhaalverhogings sal egter bo en behalwe hierdie basiese verhoging van 4,5% aan pensioenarisse betaal word wie se pensioene sedert hul aftrede waarde verloor het as gevolg van die uitwerking van inflasie.

GEREELDE VRAE

1. **Hoe word die jaarlikse pensioenverhoging bepaal?**

Die reëls van die Regeringswerknemerspensioenfonds (GEPF), die pensioenverhoging en die befondsingsvlakbeleid vorm die raamwerk wat gebruik word om die jaarlikse verhoging van pensioene te bepaal. Die Raad van Trustees van die GEPF (die Raad) mag volgens hierdie dokumente ’n pensioenverhoging goedkeur indien die Fonds se befondsingsvlak hoër is as die voorgeskrewe minimum befondsingsvlak, nadat die verhoging toegeken is. Die minimum befondsingsvlak bepaal tans dat die Fonds se bates ten minste 90 persent van sy laste moet dek.

Die jaarlikse verhoging bestaan uit drie elemente, soos bepaal in die GEPF se pensioenverhogingsbeleid wat goedgekeur is deur die Raad (die datums hieronder geld vir die 1 April 2011-verhoging, ter illustrasie):

- **Basiese verhoging:** Ten minste vyf-en-sewentig persent (75%) van die gemiddelde verhoging in die verbruikersprysindeks (VPI) vir alle items oor ’n 12-maande-tydperk (1 Desember 2009 tot 30 November 2010) vir alle pensioenarisse wat voor of op 1 April 2010 afgetree het. Pensioenarisse wat ná hierdie datum afgetree het, sal slegs ’n pro rata-deel van die verhoging ontvang, wat op die aantal maande van aftrede gebaseer is.
- **Inhaalverhoging:** Hierdie verhoging geld vir pensioenarisse wat op of voor 1 April 2010 afgetree het. Dit bestaan uit ’n bedrag wat die pensioen (na die toekenning van die basiese verhoging en verdere inflasieverwante verhoging) verhoog tot die oorspronklike pensioen tydens aftrede se waarde, verhoog met honderd persent (100%) van die verandering in die VPI vanaf die datum van aftrede tot en met 30 November 2010 (óf ’n laer bedrag, volgens wat die Fonds kan bekostig, maar wel hoër as vyf-en-sewentig persent (75%)).
- **Aanvullende verhoging:** Enige verhoging wat deur die Raad bepaal word wat nie ’n inflasieverwante verhoging is nie.

Let daarop dat die finansiële prestasie en sterkte van die Fonds, soos deur sy befondsingsvlak weerspieël, die verhoging bepaal wat die Fonds kan bekostig en wat nie die toekomstige finansiële lewensvatbaarheid van die Fonds sal benadeel nie. Veranderinge in ekonomiese omstandighede het ’n direkte impak op die Fonds se beleggingsprestasie, wat tot veranderinge in die befondsingsvlak lei (dit wil sê die verhouding van die Fonds se bates teenoor sy laste of finansiële aanspreeklikheid teenoor lede). Die vlak van pensioenverhogings wat die Fonds kan bekostig sal dus ook van jaar tot jaar verskil. As

gevolg hiervan is dit nie moontlik (of word nie vereis) om al dié vier elemente wat hierbo genoem word, elke jaar te verhoog nie.

2. Wie besluit oor die verhoging?

Die Fonds se aktuaris evalueer die finansiële posisie van die Fonds en lê verskeie opsies met betrekking tot die finansiële posisie van die Fonds aan die Raad voor vir oorweging. Die Raad besluit dan op 'n verhoging wat op die aktuaris se ondersoek en raad gebaseer is en ook rekening hou met die bekostigbaarheid van die verhoging, soos bepaal deur die impak daarvan op die finansiële posisie van die Fonds. Die Raad moet ook verseker dat die verhoging voldoen aan die reëls en die beleid van die Fonds, soos in Vraag 1 hierbo verduidelik. Die Raad lig dan die Minister van Finansies in oor die verhogingsvlak, en hy kan dan kommentaar lewer indien hy dit nodig ag.

Die vernaamste maatstaf om die pensioenverhogingsvlak te bepaal is hoeveel die Fonds kan bekostig, alhoewel die Raad ook rekening hou met verskeie ander faktore, soos byvoorbeeld die verwagte algemene verhoging in staatsdienssalarisse of verhogings in maatskaplike toelaes.

3. Wat is die verhoging in pensioen vir 2011 en wat was die redes vir die besluit?

- **Basiese verhoging:** Ingevolge die pensioenverhogingsbeleid is die basiese verhoging ten minste vyf-en-sewentig persent (75%) van die gemiddelde persentasie verhoging in VPI oor die jaar tot 30 November 2010. Die werklike gemiddelde VPI-verhoging oor hierdie tydperk was 4,5%. As gevolg van die goeie finansiële prestasie van die Fonds oor die afgelope jaar was die Raad van Trustees in staat om 'n verhoging van 4,5%, of 100% van VPI, goed te keur. 'n **Pensioenverhoging van 4,5%** sal dus vanaf 1 April 2011 van toepassing wees.
- **Inhaalverhoging:** Die doel van hierdie verhoging is om te verseker dat die koopkrag van pensioene (soos gemeet deur die VPI) met die tyd ten volle gehandhaaf word, sonder dat die Fonds se finansiële posisie benadeel word. Die berekeninge deur die aktuaris dui aan dat slegs 'n baie klein hoeveelheid pensioenarisse vanjaar vir die inhaalverhoging kwalifiseer, as gevolg van die pensioenverhogings wat tydens die afgelope paar jaar toegeken is (sien die antwoord in Vraag 4).
- **Aanvullende verhoging:** Die Raad is van mening dat dit nie verstandig sal wees om enige aanvullende verhoging vir 2011 toe te ken nie, gesien die blywende ekonomiese en finansiële onsekerheid as gevolg van die onlangse wêreldwye ekonomiese afswaai, en moontlike negatiewe impak daarvan op die Fonds.

4. Watter pensioenverhogings is gedurende die afgelope dekade toegeken?

Effektiewe datum van verhoging	Pensioenverhoging toegeken	Gemiddelde VPI-verhoging van 1 Des tot 30 Nov	Verhouding van pensioenverhoging teenoor VPI-verhoging
1 April 2002	6,00%	5,93%	101%
1 April 2003	7,00%	8,49%	82%
1 April 2004	5,25%	6,99%	75%

1 April 2005	5,50%	1,14%	482%
1 April 2006	4,50%	3,35%	134%
1 April 2007	5,50%	4,45%	124%
1 April 2008	7,00%	6,82%	103%
1 April 2009	9,00%	10,93%	82%
1 April 2010	5,60%	7,4%	75,67%
1 April 2011	4,50%	4,50%	100,0%

Dit is uit die bostaande tabel duidelik dat onlangse pensioenverhogings oor die algemeen die basiese pensioenverhoging oorskry het en het selfs 100% van die verhoging van die VPI oorskry het.

5. Waarom kry pensioenarisse nie ’n bonus in hul verjaardagmaand nie?

Verskillende pensioenfondse het verskillende pensioenverhogingsbeleide. Die GEPF het byvoorbeeld vier verhogingsvlakke wat die Raad kan verklaar: die basiese verhoging, ’n verdere verhoging vir inflasie, ’n inhaalverhoging en ’n aanvullende verhoging (sien die antwoord in Vraag 1). Ander fondse het verskillende beleide en kan moontlik ’n bonus in ’n verjaardagmaand betaal, met ’n laer algemene verhoging of selfs ’n laer maandelikse pensioen. Die verskillende betalingsmetodes van pensioene moet vir die spesifieke pensioenfonds bekostigbaar wees, ongeag die benadering.

6. Hoeveel is die verhoging in geld?

Die randwaarde van die verhoging hang van ’n pensioenaris se huidige pensioen af. Indien die pensioenaris tans byvoorbeeld R1 000 per maand ontvang en die pensioenverhoging is 4,5% met ingang van 1 April 2011, sal die verhoogde maandelikse pensioen vanaf 1 April 2011 altesaam R1 045 beloop.

7. Waarom kry pensioenarisse ’n kleiner verhoging in vergelyking met die salarisverhogings van regeringswerknemers (aktiewe lede)?

Die beginpunt vir die Raad is om ’n pensioenverhoging vas te stel wat bekostigbaar vir die Fonds sal wees. Indien die Fonds ’n voldoende surplus (meer bates as laste) gehad het, sou die Raad ’n verhoging kon oorweeg het wat soortgelyk is aan die verhogings in staatsamptenaarsalarisse. Die Raad het egter die verstandige en verantwoordelike benadering geneem deur te besluit dat slegs ’n inflasieverwante verhoging van 4,5% vir hierdie jaar bekostigbaar is, as gevolg van onsekerheid oor die ekonomiese toestande.

8. Wanneer word my pensioen aan my betaal?

Die GEPF betaal maandelikse pensioene óf aan die begin (voorskot) óf aan die einde (agterskot) van die maand, afhangende van die pensioenarisgroep.

Pensioenarisse wat voor of op 31 Desember 2002 afgetree het, word op die eerste dag van die maand betaal. Pensioenarisse wat ná 31 Desember 2002 afgetree het, word op die laaste dag van die maand betaal.

Pensioenarisse wat pensioene aan die begin van die maand ontvang, sal op die volgende dae in 2011 betaal word:

Maand	**Betaaldatum**	**Betaaldag**
Januarie 2011	31/12/2010	Vrydag
Februarie 2011	01/02/2011	Dinsdag
Maart 2011	01/03/2011	Dinsdag
April 2011	01/04/2011	Vrydag
Mei 2011	30/04/2011	Saterdag
Junie 2011	01/06/2011	Woensdag
Julie 2011	01/07/2011	Vrydag
Augustus 2011	01/08/2011	Maandag
September 2011	01/09/2011	Vrydag
Oktober 2011	01/10/2011	Saterdag
November 2011	01/11/2011	Dinsdag
Desember 2011	01/12/2011	Donderdag
Januarie 2012	31/12/2011	Saterdag
Februarie 2012	01/02/2012	Woensdag
Maart 2012	01/03/2012	Donderdag

Pensioenarisse wat pensioene aan die einde van die maand ontvang, sal op die volgende dae in 2011 betaal word:

Maand	**Betaaldatum**	**Betaaldag**
Januarie 2011	31/1/2011	Maandag
Februarie 2011	28/02/2011	Maandag
Maart 2011	31/03/2011	Donderdag
April 2011	29/04/2011	Vrydag
Mei 2011	31//05/2011	Dinsdag
Junie 2011	30/06/2011	Donderdag
Julie 2011	29/07/2011	Vrydag
Augustus 2011	31/08/2011	Woensdag
September 2011	30/09/2011	Vrydag
Oktober 2011	31/10/2011	Maandag
November 2011	30/11/2011	Woensdag
Desember 2011	30/12/2011	Vrydag
Januarie 2012	31/01/2012	Dinsdag
Februarie 2012	29/02/2012	Woensdag
Maart 2012	30/03/2012	Vrydag

Indien u enige vrae oor hierdie datums en/of die maandelikse betaling van pensioene het, skakel gerus die GEPF se tolvrye oproepsentrum by 0800 117 669 of besoek u naaste streekskantoor.

PROVINSIALE KANTORE

HOOFKANTOOR
Hamiltonstraat 34
Arcadia
Pretoria

Bisho
Kantoor 12
Global Kantoorsentrum
Circularrylaan

Bloemfontein
President Brandstraat 2

Polokwane
Bokstraat 87A

Nelspruit
Blok A
Grondverdieping
Ciliata Gebou
Hopestraat 19

Mafikeng
Kantoor 4/17
Mega City
Mmabatho

Kaapstad
21e Verdieping
Thibaultplein 1

Pietermaritzburg
3e Verdieping
Brasfort House
Langalibalelestraat 262

Kimberley
Old Mainstraat 11

SATELLIETKANTORE

Johannesburg
2e Suite, 2e Verdieping
Lunga House
Marshallstraat 124 (hv Eloffstraat)
Gandhiplein
Marshalltown

Durban
8e Verdieping
Salmon Grove Chambers
Anton Lembedestraat 407 (voorheen Smithstraat)

Port Elizabeth
Grondverdieping, Kwantu Towers
Sivuyileminiplein
Mthatha
2e Verdieping
PRD Gebou
Sutherlandstraat

Tolvrye nommer: 0800 117 669
Faksnommer: 012 326 2507
E-pos: enquiries@gepf.co.za
Webwerf: www.gepf.co.za

Posadres:
GEPF
Private sak X63
Pretoria
0001